higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N570**(A)**(N26)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

FINANSIËLE REKENINGKUNDE N6

(4010216)

26 November 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Nieprogrammeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 'n antwoordboek van 11 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR OPLEIDING EN ONDERWYS
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
FINANSIËLE REKENINGKUNDE N6
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae in die aangehegte ANTWOORDBOEK.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Skryf jou EKSAMENNOMMER op elke bladsy van die aangehegte ANTWOORDBOEK neer.
4. Toon ALLE berekeninge, waar van toepassing.
5. Finansiële state moet volgens die 2015-sillabus gedoen word.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 'n Maatskappy is 'n regspersoon.

1.1.2 'n Aandelesertifikaat word gegee aan almal wat aandele in 'n maatskappy koop.

1.1.3 Gemagtigde aandele verwys na die aandele wat nie uitgereik is nie.

1.1.4 Die voorkeuraandeelhouers het stemreg by elke AJV ('AGM').

1.1.5 In die Maatskappywet is voorsiening gemaak vir naamreservering.

1.1.6 Die maatskappy betaal in sy eie naam belasting.

1.1.7 Een van die hooftake van die CIPC is om maatskappye en intellektuele eiendomsregte te registreer.

1.1.8 Een van die maatskappy se finansiële state is die Staat van veranderinge in ekwiteit.

1.1.9 IFRS staan vir 'Internasionele finansiële responsstaat'.

1.1.10 'n Maatskappy mag aandele aan homself uitreik.

(10 × 1) (10)

1.2 Noem en verduidelik TWEE kategorieë maatskappye ingevolge die Maatskappywet. (2 × 2) (4)

1.3 Onderskei tussen 'n *privaat maatskappy* en 'n *openbare maatskappy* deur van die opskrifte hier onder gebruik te maak. Gee jou antwoord in tabelvorm.

1.3.1 Getal direkteure

1.3.2 Kapitaalbydrae

1.3.3 Naam van die maatskappy

1.3.4 Ouditering van die boeke (finansiële state)

(4 × 4) (16)

1.4 Onderskei tussen *voorkeuraandele* en *gewone aandele*. (2 × 2) (4)

1.5 Hoe word 'n telling vir algemene belang ('public interest score') bereken? (8)

1.6 Verduidelik die volgende terme:

1.6.1 Toevallingsgrondslag van boekhouding ('Accrual basis of accounting')

1.6.2 Lopende onderneming ('Going concern')

1.6.3 Inventaris

(3 × 2) (6)

1.7 Bestudeer die volgende inligting van Kgathi Beperk op 1 Julie 2014 en beantwoord die vraag:

Meubels	
Kosprys	11 000
Opgelope depresiasie	4 000
Voertuie	
Kosprys	30 000
Opgelope depresiasie	15 500
Masjinerie	
Kosprys	16 500
Opgelope depresiasie	5 000
Grond en geboue	
Kosprys	75 000

BYKOMENDE INLIGTING

1. Geen depresiasie op grond en geboue
   - Grond en gebou wat geleë is op standplaas no. 72, Hanover Park, is in 2000 vir R75 000 gekoop. Op 30 Mei 2015 het mnr Smith, 'n beëdigde waardeerder, dit op R100 000 geherwaardeer. Die herwaardasie word elke vyf jaar gedoen.

2. Meubels: 10% p.a. volgens reguitlynmetode

3. Voertuie: 20% p.a. volgens reguitlynmetode
   - Op 31 Desember 2014 is 'n afleweringsvoertuig wat aanvanklik R9 000 gekos het, vir R3 750 verkoop. Op 1 Julie 2014 het die opgelope depresiasie van die voertuig R5 500 beloop.

4. Masjinerie: 20% p.a. volgens afnemendesaldo-metode
   - Op 31 Januarie 2015 is nuwe masjinerie vir R15 000 gekoop.

GEVRA

Openbaar ('Disclose') die aantekening vir eiendom, masjinerie ('plant') en toerusting soos op 30 Junie 2015 ten einde te voldoen aan die vereistes van die IFVS ('IFRS'). (31)

[79]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

2.1 Bestudeer die transaksies hier onder en identifiseer die soort belasting (inset of uitset) wat geraak word, en die joernaal wat gebruik moet word om die transaksies op te teken. Die onderneming is 'n geregistreerde BTW-ondernemer.

2.1.1 Goedere wat deur 'n debiteur teruggestuur is

2.1.2 Handelsvoorraad wat deur die eienaar vir persoonlike gebruik geneem is

2.1.3 Goedere wat deur die onderneming op krediet gekoop is

2.1.4 Slegte skuld wat afgeskryf is

2.1.5 Skryfbehoeftes wat met kontant gekoop is

(5 × 2) (10)

2.2 Bestudeer die volgende dokument en beantwoord die vrae.

Mokgobu Store
Mankweng
Tel: 015 273 0600

BELASTINGFAKTUUR
BTW NO: 3720057741

JOU KASSIER IS LADY-D

Melk l/vet vierkantig				25.18 *
Clover volroommelk				25.18 *
Tastic rys				39.98 *
Kiwi politoer 500 g				29.78
Joghurt Bulgaars				29.98
Witbrood gesny				10.98
Tab kafeïenvry				18.90
Totaal				179.98
Afronding				– 0.03
Items	7	VERSKULDIG		179.95
	KONTANT			200.00
	KLEINGELD			20.05
BTW-vry	0.00	00.0% IN		90.34
BTW-bedrag	11.00	14% IN		89.64
0523 2514/004/016		24/01/2017	15:30	

Mokgobu Stores

DANKIE VIR DIE ONDERSTEUNING. KOM ASSEBLIEF WEER.

2.2.1 Hoekom is daar 'n asterisk (*) langs sommige van die bedrae op die betaalpuntstrokie ('till slip')?

2.2.2 Wat is die totale bedrag (insluitend BTW) wat deur die klant verskuldig is?

2.2.3 Wat is die totale bedrag vir die items sonder BTW?

2.2.4 Wat is die totale bedrag BTW wat gevra word op hierdie belastingfaktuur?

2.2.5 Hoekom moet die registrasienommer op die brondokument verskyn?

(5 × 2) (10)

2.3 Bespreek, op grond van die definisie van 'n las ('liability'), hoekom die bankoortrekking van 'n entiteit as 'n las geklassifiseer kan word. (6)

2.4 Bespreek, op grond van die definisievereistes van 'n bate ('asset'), hoekom 'n motorvoertuig wat in besit van 'n entiteit is as 'n bate geklassifiseer kan word. (6)

2.5 Noem en verduidelik DRIE soort ouditeursmenings ('audit opinions') wat 'n ouditeur kan uitreik.

(3 × 3) (9)

[41]

VRAAG 3

Die volgende inligting het betrekking op Motstal CC vir die jaar geëindig 31 Desember 2016. Gebruik die inligting om die volgende op te stel:

3.1 Staat van die finansiële posisie soos op 31 Desember 2016 (20)

3.2 Staat van veranderinge in ekwiteit vir die jaar geëindig 31 Desember 2016 (10)

MOTSTAL CC

	R	R
Ledebydrae		13 500
Surplus op herwaardasie van grond en gebou		30 000
Lenings van lede		
Motsoako		375 000
Stalwart		450 000
Verband		150 000
Grond en gebou soos gewaardeer ('as valuation')	450 000	
Toerusting		
Kosprys	120 000	
Opgelope depresiasie		24 000
Inventaris: 31 Desember 2016	660 000	
Debiteure	990 0000	
Beleggings	15 000	
Krediteure		1 020 000
Kontant in bank	45 000	
Teruggehoue verdienste: 1 Januarie 2016		120 000
Netto wins voor belasting		97 500

Kopiereg voorbehou

BYKOMENDE INLIGTING

1. Motsoako en Stalwart is die enigste twee lede van die korporasie. Hulle het elkeen 50% bygedra.

2. Die grond en gebou is op 31 Julie 2016 geherwaardeer.

3. Die voorsiening vir normale belasting word bereken op R34 122.

4. Die lede het besluit op 'n uitkering ('distribution') van R180 000 vir die jaar.

5. R30 000 van die bedrag wat op die verband geskuld word, sal op 31 Augustus 2017 terugbetaal word.

[30]

VRAAG 4

Jy word voorsien van syfers wat getrek is uit die finansiële state van Malema Bpk.

WINS/VERLIES-STAAT EN OMVATTENDE INKOMSTE VAN MALEMA BPK VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 2017

Brutowins	196 000
Rente ontvang	10 000
Wins op die wegdoening ('disposal') van toerusting	10 000
Ander uitgawes	(113 000)
Finansieringskoste	(12 000)
Wins voor belasting	91 000
Inkomstebelasting-onkoste ('Income tax expense')	(47 000)
Wins vir die tydperk (na belasting')	44 000
Teruggehoue verdienste (begin van die jaar)	45 000
Dividende	(4 000)
Teruggehoue verdienste (einde van die jaar)	85 000

Kopiereg voorbehou

STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE VAN MALEMA BPK
OP 31 DESEMBER 2017

	2016	**2017**
BATES		
Niebedryfsbates	192 000	460 000
Toerusting	140 000	400 000
Kosprys	200 000	480 000
Opgelope depresiasie	60 000	80 000
Voertuie	52 000	60 000
Kosprys	112 000	124 000
Opgelope depresiasie	60 000	64 000
Beleggings	-	100 000
Bedryfsbates	100 000	157 000
Inventaris	40 000	36 000
Ontvangbare rekenings ('Account receivables')	30 000	60 000
Bank	30 000	61 000
Totale bates	**292 000**	**717 000**
EKWITEIT EN LASTE		
Uitgereikte aandelekapitaal en reserwes	245 000	525 000
Gewone aandelekapitaal	200 000	440 000
Teruggehoue verdienste	45 000	85 000
Niebedryfslaste		
Obligasies ('Debentures')	-	120 000
Bedryfslaste	47 000	72 000
Rekenings betaalbaar	40 000	20 000
Belasting betaalbaar	6 000	49 000
Dividende betaalbaar	1 000	3 000
Totale ekwiteit en laste	**292 000**	**717 000**

BYKOMENDE INLIGTING

1. Ingesluit by ander uitgawes is:

Depresiasie: Toerusting	R60 000
Voertuig	R 9 000
Verlies op wegdoening ('disposal') van voertuig	R 2 000

2. Toerusting wat oorspronklik vir R100 000 gekoop is, met 'n netto boekwaarde van R60 000, is gedurende die jaar verkoop. Nuwe toerusting is gekoop om die toerusting wat verkoop is, te vervang.

3. Die kapasiteit van die aanleg is uitgebrei met die koop van nuwe toerusting ter waarde van R200 000.

4. 'n Voertuig wat R20 000 gekos het, met 'n netto boekwaarde van R6 000, is gedurende die jaar verkoop. 'n Nuwe voertuig is gekoop om die voertuig wat van die hand gesit is, te vervang.

Kopiereg voorbehou

GEVRA

4.1 Berei die Kontantvloeistaat voor van Malema Bpk vir die jaar geëindig 31 December 2017. (21)

4.2 Maak die volgende aantekeninge ('notes'):

1 Rekonsiliasie van netto wins voor belasting op kontant wat uit werksaamhede ('operations') gegenereer is (7)

2 Dividende en belasting wat betaal is (2)

[30]

VRAAG 5

5.1 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B om by 'n item in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (5.1.1–5.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
5.1.1	Substantiewe prosedures	A	metodes wat ontwerp is om die versekering te gee dat interne kontrolestelsels effektief is
5.1.2	Ouditeursbewys	B	beheerstelsels wat ingevoer is om die onderneming te bestuur en die bates te beveilig
5.1.3	Interne beheer	C	bestuurskontrole om die doeltreffendheid van ander kontroles te meet
5.1.4	Ouditeursverslag	D	stappe wat deur die ouditeur gedoen word om wesenlik verkeerde stellings ('material misstatements') op te spoor op die vlak waarop die bewerings gemaak is ('assertion level')
5.1.5	Nakomingsprosedure	E	geskrewe rekord van die bevindinge wat tydens die ouditproses gemaak is
		F	alle brondokumente en rekeningkundige stukke ('records') wat relevant is tot die ouditeurs se ondersoeke

(5 × 2) (10)

5.2 Beskryf die VYF doelstellings of oogmerke van interne ouditering. (5 × 2) (10)

[20]

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou